

27 Mei

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 14
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 14:2-4

Die prediking van die Woord is die belangrikste middel tot geloofsgroei

Die *evangelie van Christus is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo* (Rom. 1:16). Deur die prediking van die Woord bring God mense tot geloof (Rom. 10:17). Waardeur versterk Hy die geloof wat Hy in jou hart laat groei het?

Tomas het gedink dat sy geloof sal groei as hy die spyker- en spiesmerke in Jesus se sy en hande sien (Joh. 20:25). Die gelowiges in Korinte het gedink dat hulle geloof net sal groei as hulle in vreemde tale praat en vreemde klanke voortbring. Paulus ontken nie dat jou geloof gestig/opgebou word deur die Geestesgawe van praat in vreemde tale nie (vs 4a). Hierdie gawe is egter op die enkeling gerig en moet lief in die binnekamer beoefen word as 'n saak tussen jou en God alleen. Daarom die versugting in vers 5 – *Ek wens dat julle almal in tale spreek!*

Die belangrikste middel waardeur die Heilige Gees self jou geloof opbou, is en bly die Woord en die prediking daarvan! *Hy wat profeteer, spreek tot die mense woorde van stigting en troos en bemoediging* (vs 3). Deur die profesie (ons kan profesie hier verstaan as Woordverkondiging) word jy opgebou in jou geloof. In jou dae van hartseer en beproewings vind jy jou troos in die Woord en die verkondiging daarvan. Wanneer jy moedeloos word in jou stryd teen jou sonde, dan vervul die Woord en die verkondiging daarvan jou met nuwe moed en krag. Só laat die Heilige Gees jón geloof groei, sodat jy weer instrument in sy hand kan wees waardeur Hy ander opbou, *troos en bemoedig*.

Gebruik vandag weer elke geleentheid wat jy kry om jou geloof op te bou deur die Woord en gaan dan uit om bouwerk, trooswerk en bemoedigingswerk aan ander te doen, deur die Woord van God!

Sing: Psalm 92:6, 7 (1936)

Ds. AP Krüger (Welkom)